*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 26 April 2026**
**3e Sondag ná Pase**

**Die bevrydende besef tússen Pase en Pinkster: God se Gees laat my leef soos Jesus!**

*"As die Gees van Hom wat Jesus uit die dood opgewek het, in julle woon, sal Hy wat Christus uit die dood opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. As julle volgens julle sondige aard leef, sal julle sterf. Maar as julle deur die Gees die praktyke van die liggaam doodmaak, sal julle leef. Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God. ... En as ons kinders is, is ons ook erfgename – erfgename van God en mede-erfgename met Christus, mits ons inderdaad saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word."*
(Romeine 8:11-13, 17)

Pase 2026 het gekom en gegaan. Amper, asof oordonder deur die gerugte en rumoer van 'n oorlog daar ver, wat ons hele wêreld in diepe kommer dompel. En ons, probeer (oor)leef, aangaan, doen wat ons moet. Dan vra die Heidelbergse Kategismus (1563): *"Wat is die nut van die opstanding van Christus vir ons?"* En antwoord – deur ons bewus te maak van iets wat gebeur hét, nóu aan't gebeur is, en vorentoe gáán gebeur:

*"Eerstens het Jesus Christus deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak.*
*Tweedens word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek.*
*Derdens is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding."* (Sondag 17)

Hieroor verwys die Kategismus ons na die Brief van Paulus aan die Romeine, 'n klein gemeente in 'n groot stad destyds (1,5 miljoen inwoners) en in 'n Ryk met 'n nuwe keiser genaamd Nero. Onvoorspelbaar. Maar in plaas daarvan dat gerugte van onheil en oorlog, en selfs die stelselmatige marginalisering en vervolging van Jesus se volgelinge hul van vrees verlam moes laat, stel Paulus dat dít wat met Pase gebeur het – die opstanding van Jesus – ons enigste en eintlike sekerheid is, en álles onherroeplik verander het, ook in ons persoonlike lewe. Die afgelope twee Sondae het ons Romeine 6 gelees: Paulus moedig die gelowiges aan, en skryf dat ná Pase ons 'n nuwe lewe kán lei. Eintlik, nie ánders kan nie! As ons ou sondige bestaan "saam met Christus gekruisig is", is ons nie meer slawe van sonde nie, maar nuwe mense; "groei ons saam met Christus in sy opstanding" (6:5-6). Hy noem dit die "vrug van heiligmaking" (6:22). In Romeine 7 nóg 'n keer, oor dié stryd in onsself tussen die oue en die nuwe ín ons (7:24-25), om ons dan aan die troosvolle band tussen Pase en Pinkster te herinner: Kinders van God, leef deur sý Gees, 'n nuwe lewe – vrygemaak!

**JL.**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

## LITURGIE

**Verwelkoming, en oomblik van stille toewyding...**

**Aansteek van die Paaskers**

**Wydingslied:** “O Jesus, kom tog nader” (Lied 153:1, 2 en 3)

**Votum en Seëngroet**

**Lofliedere:** “Hoe lief het ek u woning, Heer” (Psalm 84:1, 4 – staande)

**Gebed**

**Gebedslied:** “O Heer, maak oop my hart se poort” (Lied 257:1 en 2)

**Skriflesing:** Romeine 8:1-17

**Gebedslied:** “O Vader, Seun en Gees tesaam” (Lied 257:3)

**Woordbediening**

**Verootmoediging:** “Donker” (Romeine 7 – gesing: Elmarie Dercksen)

**Genadeverkondiging**

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum (staande)

**Danklied:** “Vaste Rots op wie ek bou” (Lied 508:1 en 2)

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** “Die Heer, die Heer het opgestaan” (Lied 422:1 en 3)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 26 April | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens) |
| Sondag, 3 Mei | 09:30 – Ds. Johan Marais (Doop); geen Sotho- of aanddiens. |
| Sondag, 10 Mei | 09:30 – Ds Janke Hurter; gesinsdiens in saal – ds Jan Lubbe; Nagmaal by Siësta – ds. Jaco Thom.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: Pastorale Gesprek (en kerkraadsvergadering). |
| Donderdag, 14 Mei | 18:00 – Ds. Jan Lubbe (Hemelvaartdiens) |
| Sondag, 17 Mei | 09:30 – Ds. Jan Lubbe; gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane<br>18:00 – Di. Johan Marais en Janke Hurter (Pinksterreeks begin). |

**PINKSTER 2026:** “Uit elke volk, nasie, stam en taal - saamgebind deur sy Gees”

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 26 Apr. | Kean Vance, Chantelle Pretorius, Kaylin Viljoen en Nadiha Visser. |
| 27 Apr. | Milan Kruger |
| 28 Apr. | **Ds. Janke Hurter**, Brian Grimbeek en Sheila Prinsloo. |
| 29 Apr. | Celia Vermaak. |
| 30 Apr. | Heinrich Lindvelt, Amoré Maree en Gerda Snyders. |
| 02 Mei | Lientjie du Plessis en Riaan Pietersen. |
| 03 Mei | Gloudie Boshoff, Janlu Boshoff en Dewald Junius. |
| 04 Mei | Hanlie Coetzer en Zain Pietersen. |
| 05 Mei | André Pool. |
| 06 Mei | Chris Beukes en Johan Bloem. |
| 07 Mei | David Crause, Johan Jordaan en Suzette van der Schyff. |
| 08 Mei | Cindy Cronje, Jaco de Jager, Amélia Jansen, Leanné Saayman, Mika Swart en Rezé van Wyk. |
| 09 Mei | Jannie Claassens, Lydia du Plessis, Daniella Jordaan, Juan Nel, Richard Schulenburg en Corrie Strydom. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Anna van der Westhuizen (Serenitas133, wyk 15); Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Jan Davel (Santé 68 wyk 18); André Greyling (Serenitas 37, wyk 15) en Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk 15). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

Ons meelewing aan Marietta de Kock (Noorderbloem) en die familie, met die heengaan van Oom Mike; sy gedenkdiens was afgelope Vrydagoggend hier in Berg-en-Dal. Ons dank die Here saam met hulle vir sy lewe, en bid hul ook die troos en sterkte toe, van God gegewe.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052), wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Brief van Jakobus: Geen strooihalm, maar Lewens(wyse)brood."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362 (ds. Jan).

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166 (ds. Janke).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052 (ds. Johan).

**Seniorbediening:** Ons volgende byeenkoms is op Woensdag, 13 Mei – dagboek solank!

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: April/Mei**
In April was **Wyke 12** (blok noordwes van Tempe en langs N1) en **13** (Verre Weste) aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter – ons sê dankie aan hulle. **Meimaand** is **Wyke 13**, **14** en **15** se beurt. Indien jy ook wil kom help, kontak asb. die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Vergaderings:**
Geldsake: Dinsdag, 28/4 om 17:30 — Dagbestuur: Maandag, 4/5 om 18:00
Kerkraad: Sondag, 10/5 om 18:00

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Pinkster/Kinderpinkster:** Sondag, 17, tot Donderdagaand, 21 April, is ons Pinksterweek. Indien jy wil help met die jeugspan & Kinderpinkster; en/of met die uitstalling in die saal, sop of broodjies, kontak die Kantoor (073 180 3193).

**Vrouebediening: Twee Breiprojekte!** Almal in Berg-en-Dal wat kan brei – haal uit die penne! Ons loods twee breiprojekte vir die koue maande wat voorlê: die Poppie-projek vir kinders by Sunflower House, ENGO en ander oorde; en die Vroetelmoue-projek vir bejaardes met demensie/Alzheimer – kontak Germarie Adendorff (079 038 4038) vir meer inligting en patrone. En as jy nie (nou) kan brei nie, kom... skenk wol!

**GETUIENISBEDIENING (met Woord en brood)**
**Gladstone Jeugsorgsentrum:** Ons benodig winterskamerjasse vir 6 dogtertjies (8 -12 jr), en wintersklere (wat jul dalk nie meer gebruik) – kontak Joanita Rossouw (082 326 8966).

**Gemeentemark:** Vandeesmaand se Gemeentemark is kort vóór die langnaweek – Donderdag, 30 April. Skenkings van bruikbare klerasie en kombuisware, asook vrywilligers om te help, is hartlik welkom! Kontak Jaco van Niekerk by 078 991 8013.

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 26 April: **ENGO Maatskaplike Dienste.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

**Mei is Spesiale Dankoffermaand**! Met Herfs en Oestyd tussen Pase en Pinkster, sê ons as gemeente ook dankie, vir al God se guns en goedheid. Verlede jaar het ons ± R 610 000 ingesamel; vanjaar mik ons na R 620 000. Sal jy solank hieroor bid, en help begroot?

## PHILIPPOLIS HANDEVAT & FEESNAWEEK!

As deel van ons 70-jaar vieringe en uit dankbaarheid vir God se oop hand oor ons gemeente, nooi ons jul uit om die naweek van 8-10 Mei 'n uitstappie na die gemeente **Philippolis** in die Suid-Vrystaat te maak! Vir besonderhede & bestellings sien ons sosiale media-platforms